**Afdeling A:** **Literêre Teks**

# Stropers

- Fanie Viljoen

"Jig! Wat maak jy?" vra Botle toe sy om die huis se hoek kom en vir Ata sien. Sy trek haar neus op. Ata sit voor 'n bak modder. Daar is modderspatsels (mud splatter) op sy gesig en klere. Tot sy hande is vol modder.

"Ek maak klei-renosters," sê Ata opgewonde.

"Maar kyk net hoe lyk jy!" Botle trek haar mond ook nou skeef. Sy hou nie daarvan om vuil te wees nie.

"Dit kan alles weer skoon gewas word," antwoord Ata.

Botle kom stadig nader na Ata toe. Sy maak seker sy is ver genoeg van die modderbak af; sy wil nie ook vol modder word nie. Langs Ata staan daar al 'n klomp klei-renosters wat besig is om droog te word in die son. Botle vat aan een van die renosters wat al droog is. Die horinkie druk in haar vinger.

"Moenie!" roep Ata. "Jy is nou net soos die renosterstropers (poachers), wat die renosters se horings afsny.

"Ek het nie die horing afgesny nie, ek kyk net," sê Botle kwaad.

"Ek weet, maar sonder 'n horing is 'n renoster niks nie." Ata sit nog 'n klein renoster langs die ander neer. Hy vee die klei van sy hande af. "Ek sal hulle nie kan verkoop as hulle nie horings het nie."

"Hoekom verkoop jy hulle?" vra Botle.


"Ek samel geld in om die renosters te red (save). Weet jy dat daar in 2010 nog net 22 000 swart- en witrenosters in Suid-Afrika oor was?"

Botle frons. "Sjoe! Dis min," sê sy.

"Maar ek gaan nie net agteroor sit en kyk dat die renosters uitsterf (extinction) nie," sê Ata, "Ek gaan my renosters verkoop en die geld aan die Red die Renoster Vereniging skenk."

Botle kyk 'n ruk na Ata en sien hy is baie ernstig (serious) hieroor. Dit is seker vir 'n goeie doel dat hy vandag so vuil word. 'n Mens se hande en klere kan mos weer gewas word. Sy glimlag vir Ata en steek ook haar hand in die bak.

"Sal jy my leer hoe om 'n renoster te maak?" vra sy.





twinkl besoek twinkl.co.za
twinkl Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS

**Lees die leesstuk, Stropers, deeglik deur en antwoord die volgende vrae.**

1. Antwoord die vrae met **kort** antwoorde.
   1. Watter dier sterf volgens die leesstuk uit? ____________________ (1)
   2. Waarvan maak Ata die renosters? ____________________ (1)
   3. Wat gebruik Ata om die renosters droog te maak? ____________________ (1)
   4. Wie sny die renosters se horings af? ____________________ (1)

2. Kies die korrekte antwoord en **onderstreep** dit. (4)

   **1. Stropers is mense wat ...**

   a. in 'n fabriek stroop maak.

   b. die lande stroop van bome.

   c. wat renoster vang en uitroei. (1)

   **2. Botle hou nie van...**

   a. Ata nie.

   b. vuil wees nie.

   c. water nie. (1)

   **3. Daar was in 2010 net ____________ renosters oor in Suid-Afrika.**

   a. 22 000

   b. 20 200

   c. 20 002 (1)

   **4. Daar was baie modder op Ata. Waar was daar nie modder nie?**

   a. Sy hande.

   b. Sy gesig.

   c. Sy hare. (1)



LIVEWORKSHEETS

**3. Die volgende stellings is onwaar. Verander die stelling sodat dit waar is.**

1. Ata maak klei-renosters om mee te speel.

______________________________________________________________(1)

2. Botle breek die klei-renoster se horing af.

______________________________________________________________(1)

3. Ata hou nie daarvan dat sy klere vuil is nie.

______________________________________________________________(1)

4. Botle weet hoe om klei-renosters te maak.

______________________________________________________________(1)

**4. Beantwoord die volgende vraag met 'n volsin.**

1. Wat gaan Ata met die klei-renosters maak? Noem **twee** feite.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________(3)

**[Totaal: 15]**





besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS